NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2022

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

Tyd: 2½ uur | 100 punte

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

   Afdeling A – Letterkunde (70 punte)
   Afdeling B – Transaksionele skryfwerk (30 punte)

3. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy in jou Antwoordboek.

4. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

5. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.

6. Dit is in jou eie belang om **leesbaar** te skryf en jou werk **netjies** aan te bied.

IEB Copyright © 2022

## AFDELING A LETTERKUNDE

### INSTRUKSIES VIR AFDELING A

1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.

2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.

3. Skryf jou **getal woorde** aan die einde van **die paragraaf in Vraag 2** en **die opstel in Vraag 4** neer.

4. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag. Die getal punte bepaal die getal feite wat verwag word.

5. **Beplanning**

   - Dit is 'n goeie idee om 'n **opstel of paragraaf** te beplan voordat jy dit neerskryf. Die beplanning word nie gemerk of bepunt nie.
   - Skryf die opskrif: BEPLANNING boaan. Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

   **VOORBEELD:**

| **BEPLANNING** | **VRAAG** |
|---|---|
|  |  |
| (linkerkantse bladsy) | (regterkantse bladsy) |

***ASEM* –** Jan Vermeulen

Beantwoord die volgende VIER vrae oor die roman, *Asem*.

## VRAAG 1 BARRIES SE VRIENDE

1.1

> Sy raak aan sy arm. "Ek voel onrustig oor vanaand. Ek wil nie hê jy moet saam met Theo-hulle gaan nie. Daai twee broers is 'n slegte invloed op jou."

[bl. 15]

Voltooi die onderstaande tabel deur die ontbrekende woorde langs die vraagnommer in jou Antwoordboek neer te skryf.

| | **Voorkoms** | **Blyplek** | **Ouers en beroepe** |
|---|---|---|---|
| **Barries Barnard** | 1.1.1 (*gee 'n kort beskrywing)* | 1.1.3 (*aan die begin van die verhaal*) | Ouers geskei; Pa 1.1.5 … |
| **Theo de Kock** | Blonde hare, blou oë, goed gebou en vol selfvertroue. | Luukse huis in Houghton. Groot ingangsportaal met marmerpilare. | Ouers getroud en het goeie werk: Ma is 'n dokter en pa Charles de Kock is 'n 1.1.6 … |
| **Floris de Kock** | Blonde hare, blou oë, 1.1.2 ... | | |
| **Fillie Booysen** | Kleurlingseun (min of meer Barries se ouderdom) met *dreadlocks*. | 1.1.4 … | Karel Booysen en sy vrou is werkloos. |

(6)

1.2

> "Nee! Julle kan dit nie doen nie. Theo, moenie my op my verjaarsdag drop nie."
>
> Hy sien Theo loer in die truspieël na Lizette vir goedkeuring.
>
> "Ek sal julle nooit weer op my verjaarsdag pla nie. Ons maak dit vanaand die heel laaste keer. Vanaand begin alles verander, julle sal sien. Asseblief, ou Theo."

[bl. 22]

Barries en sy vriende word by Gold Miners Delight uitgegooi.

1.2.1 Watter insident het Barries ontstel? (1)

1.2.2 Wat het Barries toe gedoen wat daartoe gelei het dat hulle uitgegooi is? (1)

1.2.3 By wie het hulle na die voorval gaan dwelms koop? (1)

1.2.4 Waarom het die dwelmverkoper (Vraag 1.2.3) vir Barries kwaad geword? (1)

1.2.5 Hierna gaan hulle na Rainbow Delight waar hulle openlik dwelms gebruik. Waarom word hulle ook hier uitgegooi? (1)

IEB Copyright © 2022

1.3

> "... se shit is nie skoon nie," kla Theo. "Ek sukkel om in die pad te bly."
>
> "Oh yes, and I am stoned as a rock!" gil Barries.

[bl. 26]

1.3.1 Wat het gebeur nadat Barries aan die slaap geraak het? (1)

1.3.2 Waarom is Barries na die insident in die hospitaal opgeneem? (1)

1.3.3 Waarom wil die polisie vir Barries in hegtenis neem? (1)

1.3.4 Noem EEN van die voorwaardes waaraan Barries moet voldoen om nie tronk toe te gaan nie. (1)

**[15]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 2 BARRIES SE OUERS

2.1

> In die woonstel kry hy sy ma waar sy haar nat hare voor die spieëltafel droogblaas. Die kamer ruik na badsout en lyfroom.
>
> Hy gaan sit agter haar op haar bed en kyk na haar in die spieël.
>
> Is sy kwaad of is sy hartseer? wonder hy.

[bl. 11]

Aan die begin van die verhaal is Vera ongelukkig met Barries se gewoontes.

2.1.1 Noem EEN gewoonte waarmee sy wil hê Barries moet ophou. (1)

2.1.2 Wat is Barries se verskoning waarom hy dit nie wil doen nie? (1)

2.1.3 Barries luister aan die begin van die verhaal nie vir sy ma nie en hy gee ook nie vir haar om nie. Hoe weet ons dat hy wel later vir haar begin omgee het? (1)

2.2

> Stef hurk voor hom en haal die Oakleys van sy gesig af. Sonder die bril sien Barries nou duidelik hoe die man se blou oë swets toe hy sê: "Jy beter jou houding verander. Paul Barnard is 'n gentleman, maar jy wil nie die duiwels in hom moerig maak nie. Glo my."

[bl. 71]

2.2.1 Waarom het Paul nie die eerste keer self vir Barries op Humansdorp gaan haal nie? (1)

2.2.2 Dink jy Stef hou van Barries? Motiveer jou antwoord deur te verwys na sy verhouding met Paul. (1)

2.2.3 Noem TWEE redes waarom Stef Jonker en Paul Barnard soos broers is. (2)

2.3

> Terug by Seeplaas begin hy sy klere in sy trommel pak ...
>
> "Wat doen jy?" vra Paul.
>
> "Hoe lyk dit vir jou?" Barries smyt sy medaljes ook in. "Ek moet na my ma toe gaan, want sy het my nodig. Ek moes nooit na jou toe gekom het nie."
>
> "Jy kan nie alleen teruggaan nie."
>
> "Jy gaan ook nie saam met my nie, want jy is niks van my nie."

[bl. 202]

Dit was 'n groot skok toe Barries die waarheid oor sy pa en ma by Stef uitvind.

Skryf 'n **paragraaf van tussen 80 en 120 woorde** oor hoe Vera se besluite Barries se lewe beïnvloed het.

In jou paragraaf moet jy aan die volgende aandag gee:

- Noem TWEE redes waarom Vera nie aan die begin vir Paul die waarheid oor haar swangerskap vertel het nie. (2)
- Hoe het Paul aan die begin oor die swangerskap gevoel? (1)
- Hoe het die waarheid na vyf jaar uitgekom? (1)
- Waarom het Vera nooit die saak by die polisie aangegee nie? (1)
- Op watter wyse het Paul Barries se biologiese pa opgespoor? (1)
- Paul het Barries se biologiese pa in 'n kroeg raakgeloop. Wat het gebeur nadat Paul hom gekonfronteer het? (1)
- Hoe het dit Barries se verhouding met sy biologiese pa beïnvloed? (1)

**[15]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 3 DIALOOG

> Eunicé se swart gekartelde hare swiep in die ligte seewind. Die wit strandrokkie wapper los om haar mooi bene. Jona trap getrou langs haar, maar dit lyk of hy hom moet inhou om nie met spoed weg te spring Seeplaas toe nie.

[bl. 256]

Barries en Eunicé sit een aand op 'n rots en gesels terwyl hulle oor die see uitkyk.

Voltooi die volgende **dialoog** tussen **Barries en Eunicé.** Skryf SLEGS die **vraagnommer en Barries se woorde in jou Antwoordboek** neer. Laat 'n reël na elke antwoord oop.

3.1 Eunicé Die dag toe Bart van die boot afgeval het, het ek gedink ek sal hom nooit weer sien nie. Hoe het jy hom gekry?

Barries: Ek het rondgerol en kon nie slaap nie. Toe ek uitgaan op die stoep het ek 'n liggie op die rotse gesien. Ek het afgestap en toe … (1)

3.2 Eunicé Ek is so bly jy het hom gered. Ek weet nie wat ek sonder hom sou doen nie.

Wie het jou uit die water gered?

Barries: … (1)

3.3 Eunicé Ek is bly dat die persoon jou daardie aand gered het. Ek hoor hy wou jou vriend van Seeplaas af wegjaag. Waarvan het hy hom beskuldig?

Barries: … (1)

3.4 Eunicé Jy het dan vertel dat dit Olga was wat die moeilikheid veroorsaak het. Paul het iets genoem dat sy in Johannesburg opgedaag het. Waar het sy geld gekry om so ver te reis?

Barries: … (1)

3.5 Eunicé Sy het seker al die geld opgebruik om daar te kom. Waarheen was sy op pad toe sy by jou oorgeslaap het?

Barries: … (1)

3.6 Eunicé Dis 'n ver pad. Vertel my bietjie meer van waar sy grootgeword het en haar familie.

Barries: … (2)

3.7 Eunicé My pa sê jy en een van jou vriende het by 'n nuwe skool begin skoolgaan.

Barries: Ja, ek en … gaan nou skool by … (2)

3.8 Eunicé Waarom het hy (vraag 3.7) sy *dreadlocks* afgeskeer?

Barries: … (1)

3.9 Eunicé Dit maak sin. Ek wou jou nog gevra het waarom jy vir Bart, Jona genoem het?

Barries: … (1)

3.10 Eunicé Ek hou nogal daarvan. Ek hoop nie jy gee om as ek hom ook Jona noem nie. Hy lyk altyd so gelukkig hier by jou. Waar het hy die blou teddiebeertjie gekry waarmee hy heeltyd rondloop?

Barries: … (1)

3.11 Eunicé Jy sê jy en jou pa het vir baie lank nie met mekaar gepraat nie. Waarom nie?

Barries: … (1)

3.12 Eunicé: Gelukkig bly julle nou almal saam. Net jammer van jou ma wat aangeval is. Wie het die polisie toe in hegtenis geneem vir die aanval?

Barries: … (1)

3.13 Eunicé: Hoe het jy geweet om vir die polisie te vertel dat dit hy (Vraag 3.12) was wat haar aanval gereël het?

Barries: ... (2 × ½)

**[15]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 4 DIE MEISIES IN BARRIES SE LEWE

**Opdrag:**

Skryf 'n opstel van **tussen 250 en 400 woorde** oor **die meisies in Barries se lewe wat bygedra het tot sy emosionele verval** (*decay*) **en emosionele groei.**

- Gebruik die kolpunte hieronder vir jou paragraafindeling.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Jou opstel moet ook 'n **inleidings- en slotparagraaf** hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- **Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.**

1. Inleiding

2. **Lizette**
   - Aan die begin van die verhaal is Lizette Barries se meisie. Wat moet Lizette die aand van sy verjaarsdag "doen" om hom gelukkig te maak? (1)
   - Waarom het sy nie die middag in die woonstel vir Barries "gelukkig gemaak" nie? (1)
   - Barries is baie jaloers op Lizette. Wat doen Lizette in die nagklub wat Barries se woede laat vlam vat? (1)
   - Lizette flankeer ook met Jumbo sodat hulle by die klub kon inkom. Van wie se aandag het sy nog gehou met wie sy later begin uitgaan het? (1)

3. **Olga**
   - Wat doen Olga die eerste keer toe Barries haar op die strand sien? (1)
   - Olga is Stef se meisie. Waar het Stef vir Olga ontmoet? (1)
   - Hoe weet ons dat Olga ook Paul se aandag gehad het? (1)
   - Wat wil Olga vir Barries op Kersdag gee, wat veroorsaak dat Stef vir Barries wil skiet? (1)
   - Wat gebeur die aand in Barries-hulle se woonstel toe Olga haarself vir Barries aanbied? (1)

4. **Sersant Nico Schreuder**
   - Barries dink op vier-en-twintig is sy te lig in die broek om 'n polisievrou te wees. Wat antwoord sy hierop? (1)
   - Hoe tree sy teenoor Barries in die bus op? Noem TWEE goed. (2)
   - Wat verseker Nico vir Barries toe hy sê dat dit moeilik moet wees om saam met die kaptein te werk? (1)
   - Wat gee Nico vir Barries toe sy groet en wanneer moet hy dit gebruik? (2)

5. **Eunicé**
   - Hoe het dit gebeur dat Barries en Eunicé mekaar ontmoet het? Noem TWEE goed. (2)
   - Wat doen Eunicé se pa nadat Barries nie geld vir Jona se versorging wou aanvaar nie? (1)
   - Waarom het Eunicé met Barries probeer kontak hou? (1)
   - Waarom kan ons sê dat Eunicé en Barries heel waarskynlik vriende gaan bly? (1)

6. Slot

Taal en struktuur (5)

**[25]**

**70 punte**

## AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

### INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.

2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.

3. Skryf die getal woorde aan die einde van elke vraag neer.

4. Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

    - kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk
    - interpretasie van die opdrag
    - inhoud en idees
    - register en toon
    - taalgebruik

5. **Beplanning**

    Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk te beplan voordat jy dit begin skryf. Die beplanning word egter nie gemerk of bepunt nie.

    - Skryf die opskrif BEPLANNING boaan.
    - Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

    **VOORBEELD:**

| BEPLANNING | VRAAG |
|---|---|
|  |  |
| (linkerkantse bladsy) | (regterkantse bladsy) |

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 5 ARTIKEL




[Google images: <https://www.honors.olemiss.edu>]

**Situasie:**

Die jaar 2021 was ongelooflik! Jy het so baie ervaar en geleer. Jy wil graag vir jou skool se leerlinge vertel wat om van matriek te verwag. Skryf 'n artikel vir jou skool se koerantjie wat in Desember gepubliseer gaan word.

**Opdrag:**

Skryf 'n artikel van tussen 150 en 220 woorde waarin jy:

- vertel van jou grootste **uitdaging** as matrikulant en wat jy geleer het;
- jou 2021 **hoogtepunt** noem en dit kortliks beskryf; en
- die **mense wat jou bygestaan het**, **bedank**.

**Instruksies:**

- Jy kan jou paragrawe volgens die bostaande aspekte indeel.
- Jou artikel moet ook 'n **inleidings- en 'n slotparagraaf** hê.
- Die inhoud van jou artikel moet **tussen 150 en 250 woorde** lank wees.
- **Skryf die totale getal woorde onderaan jou artikel neer.**

**[20]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 6 E-POS

[Google images: <www.takelot.com>]

**Situasie:**

Jy het vir iemand spesiaal 'n geskenk op Takealot bestel (*order*). Ongelukkig het hulle jou bestelling verkeerd gekry.

**Opdrag:**

Skryf 'n kort e-pos van 60 tot 100 woorde waarin jy die volgende aspekte aanspreek:

- Vertel hulle dat jy die verkeerde bestelling ontvang het.
- Sê waarom jy die pakkie bestel het.
- Vra hulle beleefd om jou te help om dit reg te stel.

**Instruksies:**

- Die inhoud van jou e-pos moet **tussen 60 en 100 woorde** lank wees.
- **Skryf die totale getal woorde onderaan jou e-pos neer.**
- Jy moet die onderstaande formaat vir jou e-pos gebruik.

Aan: ______________________________________________

Onderwerp: __________________________________________

=======================================================

Geagte Mnr. Simango (*persoon se van*)

xxx

xxx

Byvoorbaat dank

(*Jou naam*)

**[10]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2022